

Heilsgeskiedenis en prediking – Kernaantekeninge oor Trimp se *Heilsgeskiedenis en prediking: Hervatting van een onvoltooid gesprek*¹

Prof. GDS Smit

Preek ons nog die geskiedenis van God se verlossings (heils-)plan met die gevalle mens, of word die prediking dikwels verwater tot moralisme en etiese vermaninge? Dit is die eerste vraag waarmee die Nederlandse teoloog, C. Trimp, in sy werk getiteld *Heilsgeskiedenis en Prediking – hervatting van een onvoltooid gesprek* die Gereformeerde leraar konfronteer.

Om 'n eenvoudige definisie te gee oor heilsgeskiedenis in die prediking blyk 'n groot uitdaging te wees. Om dié rede omskryf Trimp die tema *heilsgeskiedenis in die prediking* bloot as “*die geheel van die historiese feiten waarin de Vader van Jezus Christus bezig is met de realisering van zijn voornemen om met zijn volk te leven in de gemeenschap van de liefde*”.

Die “verhaal” van die Bybel

Die Bybel is nie 'n filosofiese geskrif met inligting wat die gewone man nie verstaan nie. Die Bybel is ook nie 'n orakelboek met moeilike kodes en onverstaanbare formules nie. Die dominee hoef nie kodes te breek en geheime skrif te ontsyfer nie.

Die Bybel leer ons: God woon by sy volk, sodat God en mens sáámloop; Gód kom na Abram, die swerwende Arameër, en openbaar Hom aan die aartsvader as dié God wat met die mens bemoeienis wil maak; God en sy volk práát met mekaar; die woestyntog word 'n opvoedkundige les in die kennis en die vrees van die Here. Die geskiedenis van God se handeling met die volk Israel word uiteindelik sigbaar in die kennis wat die mens opdoen oor God en sy wil. Trimp wys daarop dat die *ken* van God se wil juis die *doen* van God se wil impliseer, daarom straf God dié wat die les nie gesnap het nie so fel: sodat hulle kan besef dat die geskiedenis van God wat met die mens saamloop volgelingskap (dissipelskap) behels.

Die heilsgeskiedenis loop egter nie alleen deur die Ou Testament en vervaag met die koms van Christus nie. Die Nuwe-Testamentiese gemeentes lees die Ou Testament en deur die Gees besef hulle dat God dit nie benede Hom ag om sy Naam aan mense se geskiedenis te verbind nie. Wanneer hierdie realiteit deurdring, open God die harte van die gelowiges om te besef dat die kennis wat hulle van God opgedoen het deur die loop van die Ou-Testamentiese verbond, die volk van God voorberei het om die openbaring van die Nuwe-Testamentiese verbond te verstaan en te glo, naamlik dat Christus mens geword het in die realiteit van die geskiedenis en vir die mens verlossing kom bring het. Die Nuwe-Testamentiese verbond is dus vir die gelowige die voortgang van die heilsgeskiedenis van God.

¹ Inleidende opmerkings gelewer tydens Simposium oor Skrifbeskouing in Pretoria, 2011.

Wat behels heilsgeskiedenis in die prediking?

Uit bostaande is dit duidelik dat die Bybel die mens se verstand en hart op die geskiedenis van God se selfopenbaring rig, sodat die preek oor die verhalende stof in die Bybel niks minder as *openbaringsgeskiedenis* behoort te wees nie. Hoe beoordeel mens dit uit die kerkbank?

Die Ou Testament verkondig die Nuwe Testament, maar verkondig óók die Ou Testament

Dikwels word preke uit die Ou Testament gekenmerk deur 'n gryp na die Nuwe-Testamentiese openbaringsgeskiedenis sonder melding of erkenning aan die eiesoortige- en/of tydsmatige geskiedenis van die teks. Dit is waar dat die Ou Testament die koms van Christus voorafskadu, maar die Ou Testament is ook selfstandig in die sin dat dit ook openbaringsgeskiedenis is, en nie net 'n proloog tot die Nuwe Testament nie.

Trimp is van mening dat, alhoewel daar weer stemme opgaan vir die behoud van tipologiese prediking, waarin die Ou-Testamentiese karakters as “tipes” van byvoorbeeld Christus getipeer kan word, die “tipe” nie gesoek moet word in die biografiese detail of “toevallige” ooreenkomste nie, maar in die feit dat God in alle gevalle sy hand oor mense en persoonlikhede hou om die geskiedenis te rig na sy Wil.

Dit was by name Herman Bavinck en Abraham Kuyper wat die weg gebaan het vir 'n nuwe waardering van die openbaringsgeskiedenis. Hulle felste kritiek was teen die etiese Skrifbeskouing wat die Bybel, en veral Bybelse figure gebruik het, as voorbeelde van Christus sonder om die heil van God in elke tydperk van die mens se geskiedenis te erken.

Trimp vergelyk voorts in die bogemelde werk die modelle van K. Schilder, B. Holwerda en M.B. van 't Veer om die vraag te beantwoord: hoe luister 'n mens via die geskiedenis van die mense van die Bybel na die prediking oor die heilsgeskiedenis? Die antwoord: dit is nie moontlik om die Ou-Testamentiese openbaringsgeskiedenis te verstaan as dit nie deur die bril van die Nuwe Testament bekyk word nie, maar dit is ook nie moontlik om die Nuwe-Testamentiese openbaringsgeskiedenis reg te verstaan sonder dat dit deur die bril van die Ou-Testamentiese openbaringsgeskiedenis bekyk is nie.

Ten slotte

Preke oor die verhalende stof in die Bybel is die bediening van die Woord van God, wat in die geskiedenis op weg is met sy volk en sy Drie-enige Naam algaande ontvou in woorde en werke voor die oë van kleine en swakke mense. Die lof en eer van God staan gevolglik voorop in die heilshistoriese prediking.

